


# Aanwending van beproefde vloeibare kunsmis in graanbedryf



## Plasingsopsies met plant:

1. VOOR TAND (Langs saadry)
2. AGTER TAND (Diep)
3. LANGS SAADLEPEL
4. AGTER DRUKWIEL
5. TUSSEN RY BY "ZERO TILL" DISC PLANTER

Yara Vloeibare Kunsmis word al vir baie jare met sukses in die Wes-Kaap deur graanprodusente gebruik. Baie nuwe kliente is ook steeds besig om oor te skakel na vloeibare bemesting-sisteme. As praktiese en innoverende graanprodusente besef hulle die agronomiese en ekonomiese voordele van hierdie sisteme. Yara se vloeibare kunsmis is 100% helder oplossings en dus uniform met konstante vloeitempo's. Dit maak dus vinnige, akkurate, eenvoudige en doeltreffende bemesting van alle graangewasse moontlik .


## VOORDELE VAN VLOEIBAAR:

1. Vloeibare stikstofprodukte is uniek in die sin dat Nitraat- en Ureumbronne gekombineer kan word. Die stikstofbron kan dus sowel nitraat-, ammonium en ureumstikstof bevat.
2. Fosforsuur word normaalweg in mengsels as P-bron gebruik met plant. Met fosforsuur as fosfaatbron is daar bewese resultate wat dui op 'n 4-6 % voordeel bo die gewone korrel P-bronne.
3. Die vervlugtigingsrisiko van die ureum- en ammoniumgedeelte van die stikstof is laag omdat die met-plant mengsels 'n relatief lae pH het.

4. Kalibrasie uiters akkuraat met geen oortrueling.
5. Optimale plasing van 'n volledige plantvoedingreeks is moontlik.
6. Vinniger en egalige opkoms word verkry wat onnodige onderlinge kompetisie later uitskakel.
7. Vinniger ontwikkeling van biomassa om 'n ideale en volledige "canopy" (rye toemaak) te skep wat optimale onderskepping van kooldioksied tot gevolg het en daarom groter potensiaal skep.
8. Die produkte is niks meer versuurd as korrelprodukte nie ongeag die laer pH.
9. Die hantering en toedien van vloeibare kunsmis is 'n eenvoudige en gemeganiseerde proses en bespaar dus arbeid en/of trekkerkapasiteit aangesien geen sakke hanteer hoef te word nie.
10. Tydens die volmaakproses met plant word staantyd bespaar wanneer kunsmis en saad gelyktydig volgemaak word.
11. Dit is veiliger met bandplaaas as korrelprodukte teen dieselfde NPK. Daar is geen gesukkel met kunsmis wat in planters pak tydens hoë humiditeit toestande gedurende winter plantperiodes nie.
12. Die produkwaliteit is konstant en daarom elke seisoen dieselfde en voorkom dus afwykings in kalibrasie.
13. Akkurate verspreiding tot 36 meter of meer met minder spoorstrome kan verkry word waar produkte as bobemesting met 'n spuit toegedien word.
14. Minder spore met minder oesverlies word ook verkry waar produkte as bobemesting met dieselfde spuite as die plantbeskermer toegedien word.
15. Meer hektare/dag agv wydte en kan 24 uur/dag in mooiweer of tydens reën toegedien word sonder enige aanpak van kunsmis en toediening bly akkuraat en effektief.
16. Beter kapitaalbenutting weens die volgende redes: a) Word in tenke geberg en neem dus geen addisionele onderdak stoorruimte in beslag nie. b) Hanteringstoerusting soos vir korrelprodukte word nie benodig nie. c) Spuite kan relatief maklik omgeskakel word om vloeibare kunsmis toe te dien.
17. Skade a.g.v. sout is minimaal of niks omdat produkte nie in direkte kontak met die toediener kom nie- dit word van onder of langs die apparaat volgemaak.
18. Die meeste plaaslike toediener (spuite) is geskik vir toediening van nie-fosforsuurbevattende produkte terwyl "squeeze"-pompe en sekere monopompe suurprodukte kan hanteer.



## Knowledge grows



## Aanwending van beproefde vloeibare kunsmis in die graanbedryf





# Aanwending van beproefde vloeibare kunsmis in graanbedryf



## PRODUKTE BESKIKBAAR:

### Met Vestiging:

Die produkreeks maak voorsiening vir die vestiging van enige graangewas wat huidig in die Wes-en Suid-Kaap verbou word. Verskeie NPKS verhoudings is beskikbaar om in enige gewas se chemiese behoefte volgens die grondontleding te kan voorsien.

### Bobemesting:

Met selfloper- sowel as gewone sleepspuiter met wye toedieningswydtes wat al hoe gewilder raak onder graanprodusente, skep dit 'n geleentheid om ook al hoe meer vloeibare kunsmis as bobemesting te gebruik weens die voordele soos bo uiteengesit. Al wat nodig is vir effektiewe toediening, is om die regte spuitkoppe op hierdie toerusting te installeer wanneer hoë toedienings van die vloeibare bobemestingsprodukt gemaak word.

Verskeie hoë konsentrasie stikstofprodukte is vir hierdie doel beskikbaar, met of sonder swael en met of sonder Urease-inhibeerdere.

Van die stikstofprodukte sal ook beskikbaar wees met kalium.



## TOEVOEGINGS EN MENGBAARHEIDSVORDELE:

Mikro-elemente kan in chelaatvorm met plant bygemeng word by vloeibare produkte om in die meeste gewasbehoefte te voorsien, hetsy vir onttrekking of geringe aanvulling en dit teen gewasspesifieke formulasies en egalige verspreiding.

Bandplasing van mikro-elemente saam met vloeibare kunsmis tydens plant is by verre die mees effektiewe metode van toediening. Dit kan egter ook saam met 'n vroeë vloeibare bobemesting toegedien word.

*Sekere onkruid-, insek- en swamdoders word ook al jare lank as standard praktyk saam met vloeibare bobemesting toegedien in sekere areas. Voorwaardes geld in die verband wat aktief, konsentrasie en volumes betref.*

## OORSKAKELING NA VLOEIBAAR:

Die volgende produkte en dienste is beskikbaar om kliente te help om oor te skakel na Yara vloeibare kunsmis:

1. Stoor- en vervoertenke vir die hantering van vloeibare kunsmis kan via Yara bestel word. Daar is ook 'n tenke-skema wat kliente bystaan om stoortenke te bekom.
2. Yara beskik oor 'n omskakelingsdiens wat implemente en toerusting kan ombou om vloeibare kunsmis maklik te kan toedien.
3. Advies oor korrekte spuitkop keuses vir toedien van vloeibaar as bobemesting via spuittoerusting is beskikbaar.
4. Kontak gerus u Yara verteenwoordiger of landboukundige vir meer inligting en advies in die verband.

## Knowledge grows

## VIR NAVRAE KONTAK:

Yara Africa Fertilizer (PTY) LTD  
Lambrechtstraat, Paarl 7646

Telefoon: +27 (0)21 877 5300  
Faks: +27 (0)21 862 6604  
[www.yara.co.za](http://www.yara.co.za)

